Publication: Volksblad
Date: Thursday, February 25, 2021
Page: 2

# Premier steek Mabuza-bondgenote in die pad

Sarel van der Walt

Die politieke situasie in Mpumalanga het gister dramaties verander toe vier LUR'e van dié provinsie wat noue bande met adj.pres. David Mabuza, die vorige premier, gehad het, die trekpas gekry het in 'n skommeling van die uitvoerende raad.

Refilwe Mtsweni-Tsipane, die premier, het die vier LUR'e, Gillion Mashego (openbare werke, paaie en vervoer), Gabisile Tshabalala (gemeenskapsveiligheid, sekuriteit en skakeling), Norah Mahlangu (menslike nedersettings) en Petrus Ngomane (provinsiale tesourie, ekonomiese ontwikkeling en toerisme) uitgeskop.

Verskeie ander LUR'e se poste is verander. Die helfte van die raad bestaan uit vroue.

Die doel van die skommeling is volgens die premier om dienslewering in die provinsie te verbeter.

Daar was die laaste ruk – soos in verskeie ander provinsies – bittere binnegevegte in die ANC in Mpumalanga.

Daar was selfs sprake van 'n moontlike mosie van wantroue teen Mtsweni-Tsipane.

News24 het verlede jaar berig Mtsweni-Tsipane se faksie steun soos dié van Mandla Ndlovu, die ANC-voorsitter in Mpumalanga, op nasionale vlak die faksie wat hom agter Ace Magashule, sekretaris-generaal van die ANC, skaar.

Mabuza, ook bekend as DD, het in 2017 'n sleutelrol gespeel in die verkiesing van pres. Cyril Ramaphosa tot ANC-leier nadat hy op die nippertjie sy steun aan die faksie van dr. Nkosazana Dlamini-Zuma onttrek het.



Refilwe Mtsweni-Tsipane, premier van Mpumalanga.

Hy het dié provinsie in sy dae as premier met 'n ysterhand regeer. Mabuza het steeds 'n groot invloed in Mpumalanga.

Die premier en die adjunkpresident se verhouding het volgens berigte die laaste tyd baie versleg.

Mtsweni-Tsipane was onlangs in die nuus toe sy 'n boete betaal het omdat sy met die begrafnis van wyle Jackson Mthembu, minister in die presidensie, nie 'n masker gedra het nie. Sy is skerp daaroor gekritiseer.

Jane Sithole, DA-leier in Mpumalanga, sê die DA verwelkom die aanstelling van Mohita Latchminarain as die nuwe LUR vir openbare werke, paaie en vervoer. Sithole sê Latchminarain het goeie werk in die onderskeie portefeuljekomitees gedoen en sy hoop die nuwe LUR sal dié gehawende departement regruk.

Die DA is bly Ngomane het die trekpas gekry en dankbaar die premier het gehoor gegee aan oproepe van die DA dat Mashego verwyder word.

Sithole sê dit wil voorkom asof die premier se faksie nou sy stempel afgedruk het.

"Die DA is steeds baie bekommerd oor die terugkeer van Thandi Shongwe as LUR vir kultuur, sport en ontspanning omdat sy tans deur die Spesiale Ondersoekeenheid ondersoek word weens die debakel oor die Mandela-standbeeld wat die belastingbetalers van Mpumalanga R8,3 miljoen sou kos."

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.